Vrug van die Heilige Gees

Hand 15:1-29

Gal 5:18-27

Hand 15: Daar het mense van Judea af gekom en die gelowiges wysgemaak: “As julle nie die gebruik van Moses nakom deur julle te laat besny nie, kan julle nie gered word nie.” [2]Toe Paulus en Barnabas hulle daarteen verset en in ’n heftige meningsverskil met hulle betrokke geraak het, is daar besluit dat hulle twee en nog ’n paar ander van die gemeente na die apostels en ouderlinge in Jerusalem moet gaan in verband met hierdie vraagstuk.

[3]Nadat die gemeente hulle van die nodige vir die reis voorsien het, het hulle deur Fenisië en Samaria gegaan en vertel van die bekering van die heidene. Hieroor was al die gelowiges baie bly. [4]Toe hulle in Jerusalem aankom, is hulle deur die gemeente, die apostels en die ouderlinge verwelkom. Hulle het vertel wat God alles deur hulle gedoen het, [5]maar party van die gelowiges wat vroeër Fariseërs was, het na vore gekom en gesê: “Die bekeerlinge moet besny word en aangesê word om die wet van Moses te onderhou.”

6 Die apostels en die ouderlinge het toe
bymekaargekom om hierdie vraagstuk te
bespreek. 7 Na ’n lang bespreking het Petrus
opgestaan en vir hulle gesê: “Broers, julle
weet dat God my lankal uit julle geledere
gekies het om die evangelie aan die
heidennasies te verkondig sodat hulle kan
glo. 8 En God, wat die harte ken, het dit
bevestig deur die Heilige Gees aan hulle te
gee net soos aan ons. 9 Hy het geen
onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie:
Hy het ook hulle harte deur die geloof
gereinig.

10 Waarom wil julle dan nou God se geduld
op die proef stel deur op die nek van die
gelowiges uit die heidennasies ’n juk te lê
wat ons voorvaders nie in staat was om te
dra nie en ons ook nie? 11 Nee! Ons, en ook
hierdie gelowiges, glo dat ons net deur die
genade van die Here Jesus gered word.”
12 Daarna het al die mense stilgebly en na
Barnabas en Paulus geluister. Hulle het
vertel van die tekens en wonders wat God
deur hulle onder die heidennasies gedoen
het. 13 Toe hulle klaar was, sê Jakobus:
“Broers, luister na my!

[14]Simon het verduidelik hoe dit God self is
wat begin het om na die heidennasies om te
sien deur vir Hom ’n volk uit hulle te
versamel. [15]Die profete sê dieselfde. Daar
staan geskrywe: [16]Daarna sal Ek terugkom,
en Ek sal die vervalle huis van Dawid
weer opbou, en Ek sal sy bouvalle herstel
en dit weer regmaak, [17]sodat al die ander
mense die Here kan soek, ja, al die
heidennasies wat Ek geroep het om my
eiendom te wees, sê die Here wat hierdie
dinge doen.

18“Dit is van ouds af bekend. 19Daarom
meen ek dat ons dit nie moeilik moet maak
vir die heidene wat hulle tot God bekeer nie.
20Maar ons moet vir hulle skrywe om nie
vleis te eet wat aan ’n afgod geoffer is nie,
want dit is onrein; dat hulle onsedelikheid
moet vermy, geen dier wat verwurg is, moet
eet nie, en ook nie bloed nie. 21Hierdie
voorskrifte van Moses word immers van
ouds af in elke stad aan die mense
voorgehou. Elke sabbatdag word dit in die
sinagoges voorgelees.”

[22]Daarna het die apostels en die ouderlinge saam met die hele gemeente besluit om mense uit hulle geledere saam met Paulus en Barnabas na Antiogië toe te stuur. Hulle het vir Judas, wat ook Barsabbas genoem is, en vir Silas gekies, manne wat die agting van die gelowiges geniet het. [23]Hulle het die volgende brief saamgestuur: “Van die apostels en die ouderlinge, julle broers. Aan die gelowiges uit die heidendom in Antiogië, Sirië en Silisië. Groete.

[24]Ons het gehoor dat daar mense van ons af
gekom het wat julle verwar en ontstel het
deur dinge te sê waarvoor hulle geen
opdrag van ons ontvang het nie. [25]Daarom
het ons eenparig besluit om manne te kies
en na julle toe te stuur. Hulle vergesel ons
geliefde Barnabas en Paulus, [26]wat hulle
lewe gewaag het vir die Naam van ons Here
Jesus Christus. [27]Ons stuur nou vir Judas en
Silas om ook mondeling hierdie dinge aan
julle oor te dra.

[28]Die Heilige Gees en ons het besluit om
geen verdere las op julle te lê as net hierdie
noodsaaklike dinge nie: [29]dat julle nie vleis
moet eet wat aan ’n afgod geoffer is nie, ook
nie bloed nie en ook geen dier wat verwurg
is nie, en dat julle onsedelikheid moet
vermy. As julle julle van hierdie dinge
weerhou, doen julle reg.
Hartlike groete.”

Gal 5: [18]Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie. [19]Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, [20]afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, [21]afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie.

[22]Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, [23]nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. [24]Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. [25]Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal. [26]Ons moenie verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar afgunstig wees nie.

Vrug van die Heilige Gees

Die toets van die evangelie:

Hoe leef ek saam met mense
wat anders as ek is?

Christene is nogal lief vir hulle resepte/voorskrifte

Christene is mense wat . . .

- Vir ure lank Bybelstudie kan doen en wie se Bybels vol onderstreepte verse is
- Dit geniet om die een geestelike DVD/CD na die ander te kyk/te luister
- Nooit depressief raak nie en altyd blymoedig is
- Maklik “deel van ons” raak
- Met sekerheid leef dat hulle kinders van God is

‘n Voorskrif aan die mense van Antiogië, Sirië en Silisië:

Doen wat ons doen!
Laat jou besny

Gedwing om geloofsonderskeidend te dink . .

- God is die Een wat ons ken
- God maak geen onderskeid nie
- Waarom van hulle iets verwag wat onsself nie kon doen nie?
- Ons word net deur die genade van die Here Jesus gered
- Ons redding het etiese konsekwensies

Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal

‘n Lewe deur die Gees beteken . . .

- Ek is onder nuwe Bestuur
- Ek beskik nie meer oor my lewe nie
- Ek neem nie meer net my eie besluite en volg net my eie idees nie
- Ek doen nie meer net wat ander van my verwag nie
- Ek volg nou die wil van die Here
- God bepaal die rigting en etiek van my lewe

Wanneer God deur Sy Woord en Gees oorneem, word liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing deel van ons lewe.

‘n Wettiese evangelie is ‘n valse evangelie!!

Genade – God het my lief!!

- Soms voel ek ontuis en asof ek nêrens hoort nie - God is by my
- Soms voel ek of daar nêrens ruimte is vir my nie - God ondersteun my reg om te bestaan
- Soms voel ek of ek stoksielalleen in hierdie wêreld is - God is my Vriend

- Soms voel ek of die lewe besig is om my te versmoor – God gee my die krag om op te staan
- Soms voel ek oorheers en misbruik – God kyk met sagte oë na my
- Soms voel ek skaam vir wie ek is – God aanvaar my
- Soms voel ek my bydraes word nie waardeer nie – God sien my raak
- Soms voel ek ‘n mislukking – God glo in my

- Soms voel ek te behoeftig – God neem my ernstig op
- Soms voel ek of my grense nie gerespekteer word nie – Vir God is ek goed genoeg
- Soms voel ek dat my uniekheid onderdruk word – God maak my vry
- Soms voel ek dat ek nie myself kan wees nie – God vertrou my

Vir só ‘n God wil ek graag volgens die wet leef!!